

# 'n Pa se lewe deur sy kinders se oë

Een van Stellenbosch se grootste eike het 17 Februarie geval toe prof. Sampie Terreblanche oorlede is. Sy kinders – Christelle, Marié, Louise, Carine en Sampie – het met Eikestadnuus gedeel hoe sy lewe deur hul oë gelyk het.

Pa Sampie het altyd die **underdog** se kant gekies. En regverdigheid was sy eerste taal.

As jong kinders moes die een wat die waardevolle eenliter-Coke in vyf glasies deel laaste kies om enige selfverryking uit te skakel. Familie-etes was uitbundig: almal het gelyk gepraat, verskil, verduidelik en geeet. Dit het Marié jare geneem om te besef dat stry nie deel van eet was nie.

"Vir pa Sampie was werkyd en vrye tyd ineengeveg, want sy werk was ook sy stokperdjie. Maar soms het hy opgestaan van sy geliefde lessenaar en aangebied om ons te help met 'n skooltaak of eksamen voorbereiding.

"Ons het die risiko's wat hiermee gepaardgaan, goed verstaan. Hy sou na die aardrykskunde- of geskiedenis-handboek kyk en 'n hele kabaal sou volg. Hy sou die inhoud uitmekaar trek, die benadering en feite kritiseer en ons heeltemal verward laat oor wat die regte antwoord of regte verkeerde antwoord was.

"Ons maats, en later sy kleinkinders, was verstom oor sy vermoë om stories sommer so in die vertel uit te dink en uit te leef, met stemme en bewegings en alles. En die storie was altyd geanker aan die ou wat aan die kortste ent trek. Ons gunstelingstorie was gewef rondom 'n fiktiewe en avontuurlustige karakter, Karoosie. Carine moes saam met Karoosie morele en etiese keuses maak in 'n fantasieland geskep deur pa Sampie se dramatiese stem en vermoë om die onmoontlike te vergestalt.

"Maar kleutervermaak was nie die einde van sy verstomende storievertellery nie. Studente en kollegas het tot onlangs nog aan sy lippe gehang vir fassinerende stories waar die waarheid soms behendig ingekleur is met fiksie. Pa Sampie het op sy beurt gereeld sy interaksie met studente as 'n bron van



vreugde en inspirasie beskryf. "So tussen die aanhoudende werkery deur het hy ons leer branders ry en tafeltennis speel, maar was op sy oudag 'n meer betrokke oupa as pa vir ons destyds," onthou Louise.

Carine onthou hom as 'n streng pa wat die perke in die huishouding baie duidelik gestel het. "Hoewel ons dit nie destyds waardeer het nie, weet ek nou dat dit seker die enigste uitweg met vyf kinders in die huis was."

Sampie onthou hoe lief sy pa was om sport – veral rugby en krieket – te kyk. Hy en pa Sampie het die WP- en Springbok-rugbyspanne passievol ondersteun. "Ons pa se sterk sin vir geregtigheid het ook na vore getree in sy liefde vir sport en hy sou letterlik opstaan en sy uiting gee aan hoe hy met die skeidsregter se besluite verskil.

"Hy het ook daarvan gehou om politieke debatte op die televisie te volg en na literêre radioprogramme te luister – veral die Afrikaanse digkuns – en het in sy laaste dae teruggekeer na sy liefde vir klassieke musiek.

"Hy het die geselskap van jonger mense geniet en het

graag stories oor sy loopbaan met hulle gedeel om hulle te vermaak, maar ook sy groot algemene kennis te deel.

"Sy werk was sy lewe, sy flow. Selfs in die ouderdom van 84 het hy nie ophou werk nie. Alles wat hy gedoen het, sou deur ander mense as 'werk' beskou word, maar vir hom was dit 'lewe'."

Stellenbosch is die plek waar hy studeer het en 'n groot vormingsfase van sy lewe betree het.

Hy het sy vrou, Ina, hier ontmoet en derduisende studente onderrig.

"Hy het 52 jaar lank in dieselfde huis gewoon en dit was sy wens om daar te sterf. Dié tuiste is geskep deur ons ma, Ina, met wie hy 58 jaar getroud was. Sy is in Augustus 2016 oorlede. Ma Ina het 'n merkwaardige rol gespeel om orde en rustigheid in die haastige huishouding te verseker.

"Ons pa het die meeste van sy werksure in sy studeerkamer deurgebring waar hy deur boeke omring was."

Carine onthou dat dit 'n baie spesiale plek vir hom was, want dit is waar sy skryfwerk, 'n chaotiese dog kreatiewe

proses, plaasgevind het.

Die lessenaar was altyd deurmekaar. Om op 'n rekenaar te skryf en tik, is iets wat hy nooit werklik baasgeraak het nie. Hy het veranderinge aan sy skrywe op sy handgeskrewe blaaië geknip en geplak en dan weer bygevoeg. Die resultaat was 'n dik stapel papier wat dan na 'n tikster gestuur sou word.

"Ons pa, 'n aktiewe en energieke man in murg en been, was lief daarvoor om byna daaglik in die buurt te gaan stap sodat hy sy nuutste argument goed kan deurdink of om politieke ontwikkelinge met sy kinders te bespreek."

Stellenbosch was op baie maniere vir hom 'n mikrokosmos en refleksie van die grootskaalse ongelykhede in die samelewing en sy voortgesette soeke na algemene welvaart.

Die ruim agterplaas by Rowanstraat 8 was vir hom 'n groot bron van genot waarheen hy graag leiwater uit die Eersterivier gekanaliseer het. Hy het die laaste paar maande groot troos by die wildeveeboom gevind wat hy in 1965 geplant het. Vir hom was hierdie boom so naby aan heilig as wat 'n agnostikus kon

begryp.

Hy het baie genot geput uit sy gesprekke met sy vyf kleinkinders tussen die ouderdom van 10 en 26 – vier seuns (Gerhard Kirsten, Willem en SJ van Zyl en Sam Dupper) en 'n meisie (Nina Kirsten).

Hy sou hulle oor verskillende onderwerpe uitdaag en gewaagde goed tot hul groot vermaak kwytmaak.


Carine se seun, Sam (10), het altyd gesê sy oupa het drie woordeboeke in sy brein.

Hy is inderdaad gereeld as 'n wandelende ensiklopedie beskryf danksy sy ongelooflike vermoë om datums en geskiedkundige gebeurtenisse te onthou.

Christelle het gereeld gespot dat hy die enigste mens was wat uit die vuis kon vertel op watter dag die Bastille bestorm is.

Hoewel sy herinneringe stelselmatig verdoof het, het hy aangehou om op die lewe te reflekteer, soos altyd met 'n sin van eerlikheid teenoor homself.

► 'n Viering van prof. Sampie Terreblanche se lewe word **Sondag 25 Februarie om 16:00 by die Endlersaal** gehou. Die **publiek is welkom**.



Prof. Sampie Terreblanche in sy agterplaas by Rowanstraat 8, onder sy geliefde wildeveeboom in die agtergrond. Foto: Charles Biggs

Foto links: Pa Sampie en sy kinders: (voor) Louise, Marié, (agter) Christelle, Sampie en Carine.

## 'n Paar kiekies van 'n jonger prof. Sampie Terreblanche wat sy gesin vir ewig sal koester.

